Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

# Nuusweek

Pretoria FM

Nommer 81, Jaargang 2 28 Augustus 2026 www.pretoriafm.co.za

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe




[Foto: Wikipedia]

EKSKLUSIEF

# UNISA-HEL: WERKNEMER PRAAT


Kruise vs Sokkerballe 03

Spies nou raadslid 04

SASSA: Het jy die regte kaart? 07

Wen met die Graffiti-boekeblad 19

**THERON'S - OUTYDSE HOUTGEROOKTE RUSSIESE WORSIES WAT JOU LAAT SMAG NA MEER!**




**Theron's Chakalaka Russiese Worsies R249.90 per 5 kg en Theron's Kontinentale Russiese Worsies R125 per kg**

Theron's bied **GEHALTE VEISPRODUKTE**, teen **GROOTHANDELPRYSE**, direk aan Jan Publiek. Volg ons op Facebook onder die blad opsie: "Theron's Meat Products." Hier vind jy jou inligting en pryse, **GAWE RESEPTE** en kuier ons 'n hond uit n bos uit!

**Besoek ons by 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes 0183. WHATSAPP +27760770437**

# UNISA: Minister moet ingryp

*James Kemp*

Te midde van klagtes oor die werksomstandighede by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) het Solidariteit die minister van Hoër Onderwys en Opleiding, Buti Manamela, gevra om in te gryp. Solidariteit het van werknemers by UNISA verneem dat daar 'n patroon van uitbranding, buitensporige werkdruk en vrees vir viktimisasie is. Solidariteit het in sy skrywe aan Manamela versoek dat 'n onafhanklike assessor en assesseringspaneel ingevolge artikel 43, 44 en 45 van hoofstuk 6 van die Wet op Hoër Onderwys aangestel word. Só 'n ondersoek moet die omvang van die probleme vasstel, die uitwerking daarvan op werknemers ondersoek en aanbevelings maak oor maatreëls wat by Unisa ingestel moet word. Solidariteit het ook op 24 Augustus aan Unisa se visekanselier, prof. Puleng LenkaBula, geskryf om kommer oor werknemers se werkomstandighede en beroepsgesondheid en -veiligheid onder haar aandag te bring.




[Foto: www.unisa.ac.za]

'n Werknemer van UNISA het die afgelope week aan Nuusweek vertel dat die werksomstandighede by UNISA die laaste tyd baie agteruitgegaan het terwyl die werkslading toegeneem het. In sekere departemente moet drie tot vier mense 'n kantoor deel, in sommige kantore is die internet nie betroubaar nie, en in van die geboue kan die toiletdeure nie sluit nie, die seephouers is leeg en daar word geen aandag aan die muf of stukkende plafonne gegee nie.

“Die mense se moreel is laag,” vertel die werknemer.

Dosente in opvoedkunde se werksaamhede sluit onder meer in om voorgraadse studente in praktiese onderwys se krit-lesse te evalueer. Die evaluasies het egter toegeneem van 25 in 2024, 30 in 2025 en 40 vanjaar. Intussen het daar ook baie nasienwerk bygekom wat voorheen nie die geval was nie, omdat alle kontrakte met nasieners gekanselleer is en adjunkakademici aangestel is om voorgraadse modules met groot getalle na te sien. Waar daar voorheen tussen 450 en 500 aktiewe studente was in modules, het dit verhoog tot meer as 1 000 studente met twee dosente wat dit moet nasien. Dit is 'n uitdaging wat verskeie dosente ervaar, wat daartoe lei dat meerkeusevraestelle, wat makliker nasien, toenemend ingespan word, wat andersyds die kwaliteit van die werk negatief kan beïnvloed.

“Ons hou nie op nasien nie,” sê die werknemer.

> *Ek hoor dit in mense se stemme as ek met hulle praat. Daai absolute kapoetgeit.*

Die werknemer vertel dat personeel by UNISA baie swaar trek. “Ek hoor dit in mense se stemme as ek met hulle praat. Daai absolute kapoetgeit.”

'n Kollega wat onlangs oorlede is, het tydens 'n personeelvergadering vir haar departementshoof gesê dat sy “nie cope nie” en haar gesondheid daaronder ly. Sy is afgejak en beveel om net aan te hou nasien.

Dit gaan net so swaar met die werknemer: “Ek is fisiek moeg. Jy kan dit aan niemand beskryf nie, maar ek moet net aangaan ten spyte van alles.”

Pieter Jordaan, woordvoerder van Solidariteit, sê hulle is bekommerd oor die personeel by UNISA en beskou die aantygings oor Unisa se werksomstandighede in 'n baie ernstige lig.

“Dit was ook die rede waarom ons dadelik uitgereik het om terugvoer van lede en nielede by Unisa te kry. Ons moedig werknemers steeds aan om met Solidariteit te praat indien hulle voel hulle regte as werknemers word deur Unisa misken. Van die terugvoer wat ons onafhanklik van 'n groot getal personeellede ontvang het, werklik ontstellend.”

Jordaan sê daar bestaan ook 'n vrees onder personeel dat hulle geviktimiseer sal word as hulle praat.

“Ons glo die bewerings wat gemaak word, regverdig ten minste 'n dringende ondersoek na werkstoestande by Unisa. In ons eie terugvoer van die lede kom verskeie temas na vore, maar meestal dat hulle naby aan ineenstorting of uitgebrand is weens werkslading, wat dikwels weens personeeltekorte en oormatige hoeveelhede nasienwerk veroorsaak word.”

Jordaan sê alhoewel hoë werkslading in die meeste werksomgewings te verwagte kan wees, dui hierdie terugvoer op buitengewone en onaanvaarbare omstandighede.

“Klagtes daaroor val ook op dowe ore, en personeel voel dit het 'n ernstige negatiewe uitwerking op hulle fisieke en geestelike welstand.”

*Nuusweek* het na UNISA uitgereik vir kommentaar maar teen saktyd nog nie terugvoer ontvang nie. **N**

# Sokkerballe of kruise?

*Seugnet van Zyl*

'n Medestigter van die Betereinders sal Lex Libertas se Witkruis-projek ondersteun.

Johan Erasmus sê hy sal in solidariteit en met die doel om 'n gesonde gesprek oor plaasmoorde in Suid-Afrika en onder Afrikaners aan te moedig, 'n kruis ondersteun.

"Daar is 'n gesonde manier om met verskillende vorme van protes dieselfde doel te probeer bereik sonder om gemeen of venynig te wees. Jy probeer daarmee 'n debat aan die gang sit. Daar is wel twee maniere om 'n probleem op te los."

Volgens Erasmus deel die Betereinders en Lex Libertas nie dieselfde doelstellings nie.

"Groter selfbeskikking maak my onge-maklik."

Lex Libertas gaan in September 3 000 wit kruise ter bewusmaking van plaasmoorde in Suid-Afrika in Washington D.C. oprig.

Die Betereinders wil graag volgende maand 3 000 sokkerballe aan kinders in Tarlton, 'n township wes van Johannesburg, gaan uitdeel.

Waar dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, op 26 September die kruise saam met naasbestaandes van diegene wat in plaasmoorde dood is, naby die Withuis gaan oprig, moet die Betereinders nog geld insamel om hulle doel te verwesenlik.

Die Witkruis-projek is 'n internasionale bewusmakings- en mobiliseringsveldtog wat deur Lex Libertas en die New York Young Republican Club op die been gebring is. Tydens die veldtog se program in Washington sal 3 000 wit kruise vertoon word ter nagedagtenis aan slagoffers van plaasmoorde en om die menslike koste van plaasaanvalle onder die aandag van 'n internasionale gehoor te bring. Elkeen van die kruise sal name op hê. Meer as 35 000 mense het al die petisie vir die Witkruis-projek onderteken en volgens Roets het hulle al die nodige toestemming om die kruise daar op te rig.

"Die Witkruis-projek is uiteindelik bedoel om nie net 'n boodskap van herinnering te wees nie, maar ook om hoop uit te dra. Ons doen dit omdat ons verstaan dat steun vir oplossings slegs gewerf kan word indien die krisis (plaasmoorde) eers erken word."

Erasmus verduidelik dat hulle projek ten doel het om misdaad te voorkom deur vir die jeug in townships deur middel van sokker ander opsies te gee om hulself aanstelbaar te maak eerder as dat hulle hul tot misdaad wend.

"Ons probeer om misdaad by sy wortels af te sny. Dis nie net 'n foefie nie. Ons werk saam met die Foundation for a Safe South Africa, wat by 51 van die gevaarlikste townships in die land betrokke is."

Schalk van Heerden, medestigter van die Betereinders, het die naweek in 'n ope brief verduidelik waarom hulle nie die Witkruis-projek ondersteun nie.

"Die storie van 3 000 voorwerpe klink na 'n konfrontasie of 'n teenstrydigheid, maar dis onlosmaaklik verweef. Die simboliek agter 'n kruis en die simboliek en trane



Johan Erasmus



Ernst Roets

agter 'n sokkerbal is deel van die dieselfde nasionale tragedie."

Om mense in dié brief te laat kies tussen die kruise en sokkerballe as 'n "teenreaksie", is na Erasmus se mening nie verkeerd nie.

"Ja, dit is in reaksie. Kyk ons na 'n ander manier om hierdie probleem op te los? Ja."

Erasmus sê die gesprek rondom plaasmoorde was tot dusver nog net "lelik en opportunisties". Volgens hom is dié gesprek ook vir politieke gewin gebruik.

Hy het bevestig dat die Betereinders geen affiliasie met die Afrikaners vir Suid-Afrika (AvSA) het nie.

Roets meen om Lex Libertas se Witkruis-projek teen die Betereinders se sokkerballe af te speel, is "baie venynig" en "bitter onsmaaklik".

"Mense is baie kwaad vir hulle (Betereinders), veral die naasbestaandes van mense wat in plaasaanvalle dood is. Hulle maak 'n legitieme saak bespotlik. Dis 'n vorm van laster en hulle probeer ons geloofwaardigheid afbreek."

Roets en sy organisasie sal daarom nie dié sokkerbalprojek ondersteun nie. **N**



# Spies ingesweer as raadslid

*Redaksie*

Die VF Plus se burgemeesterskandidaat, Willie Spies, is die afgelope week as 'n raadslid in die Tshwane Metro ingesweer. Spies se inhuldiging volg nadat die voormalige Pretoria-streeksleier en die koukusleier in die metro, Grandi Theunis-sen, oorgeloop het na die DA.

Theunissen was die VF Plus se burgemeesterskandidaat in Tshwane in die 2021-verkiesing en het ook tussen 2023 en 2024 as burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsveiligheid onder Cilliers Brink van die DA gedien.

Die stap kom kort nadat Theunissen, te midde van interne spanning in die VF Plus, van sy posisie as koukusleier onthef is. Die ontheffing volg nadat die VF Plus 'n petisie teen 'n beplande eiendomsontwikkeling in Groenkloof in Pretoria gedryf het en daarna, onder Theunissen se leiding, tydens 'n raadsvergadering ten gunste van 'n verslag oor die ontwikkeling gestem het.

Theunissen het tydens 'n mediakonferensie gesê dat hy die besluit om die VF+ te verlaat, waarvan hy reeds sedert 1994 'n lid was, nie ligtelik geneem het nie.

Spies het in 'n Facebook-plasing gesê dat dit inderdaad tyd is vir 'n nuwe golf van republikeinse groen-oranje-geesdrif om oor die land te spoel. **N**



*Willie Spies by André Jacobs en Ben Erasmus, raadslede van die VF Plus.*



Everest
WEALTH

# STRATEGIESE BELEGGINGS
## vir die lewe wat jy bou

By Everest Wealth fokus ons op beleggingsoplossings wat gestruktureer is met 'n langtermyn-benadering, met 'n fokus op stabiliteit en volhoubaarheid binne 'n voortdurend veranderende markomgewing.

Deur 'n gedissiplineerde benadering en toegang tot alternatiewe beleggingsgeleenthede help ons beleggers om welvaart met groter vertroue te bou, te bestuur en oor tyd te laat groei.

### Strategiese Beleggings

Onyx Income | Onyx Income+ | Onyx Growth

### Lewende Annuïteite

Amethyst Income+ | Amethyst Inflation Protector

### Addisionele Dienste

Financial planning | Short-term insurance | Legacy planning

+27 87 654 8705 | info@everestwealth.co.za | everestwealth.co.za

Everest Wealth Management (Pty) Ltd registration number 2002/004025/07, an Authorised Financial Services Provider FSP 795 CAT I, II & IIA and a registered credit provider NCRCP 21504.

# Tshwane betaal R10 000 om R5 600-eiendom te waardeer

***Redaksie***

Die Tshwane-metro het 'n eksterne waardeerder teen R10 000 aangestel om 'n eiendom van 53 m$^2$ in Clubview in Pretoria te waardeer, terwyl die grond self slegs R5 600 werd is. Die waardasie kos byna dubbel soveel as die eiendom.

Volgens 'n VF Plus-raadslid, Peter Meijer, is die bedrag nie groot nie, maar is dit 'n goeie voorbeeld van die blatante vermorsing van belastingbetalers se geld.

"Boonop het professionele amptenare van twee interne departemente van die metro reeds die eiendom gewaardeer, wat die aanstelling van 'n eksterne waardeerder onnodig gemaak het."

Meijer sê geen verantwoordelike raad behoort onnodige besteding goed te keur nie.

"Die VF Plus het ernstige vrae geopper oor watter kontroles bestaan om hierdie soort burokratiese vermorsing in die toekoms te voorkom. Hierdie tipe besluitneming ondermyn inwoners se vertroue en tas die integriteit van die raad aan. Dit laat ook die vraag ontstaan waarom dit in die eerste plek goedgekeur word."

Meijer sê die VF Plus het uit beginsel 'n afwykende stem formeel laat notuleer om sterk standpunt in te neem teen die vermorsing van openbare fondse. **N**



Peter Meijer






# Duisende moet nog toelaagkaarte omruil

*Seugnet van Zyl*

Nagenoeg 150 000 mense wat van 'n Sassa-toelaag afhanklik is, het enkele dae oor om 'n nuwe kaart te kry om seker te maak dat hulle steeds dié broodnodige inkomste kan ontvang.

Die nuwe sperdatum om van 'n goue Sassa-kaart na 'n swart kaart om te skakel, is 31 Augustus.

Paseka Letsatsi, woordvoerder van Sassa, het Woensdag bevestig dat sowat 150 000 begunstigdes nog die oorgang na die nuwe swart kaart moet maak.

Letsatsi sê die veiligheidskenmerke van die goue kaarte is nie meer voldoende nie.

"Die goue kaarte se veiligheidskenmerke voldoen nie aan die nasionale betalingstelsel nie. Dit maak dié kaarte kwesbaar vir misbruik as dit verlore raak of gesteel word."

Volgens Letsatsi is die oorskakeling na die swart kaarte bedoel om te verseker dat begunstigdes se toelaes beter beskerm is.

"Ons sal die oorskakelingsproses noukeurig dophou om seker te maak dat geen begunstigde nie toegang tot hul geld het nie. Ons sal eers ontspan as alle begunstigdes na die nuwe swart kaarte oorskakel is."

Tammy Breedt, VF + se hoofwoordvoerder van maatskaplike ontwikkeling, sê die VF+ sien probleme met die oorskakelingsproses.

Breedt is veral bekommerd oor hoe 'n Sassa-begunstigde by Posbank met die oorskakelingsproses gehelp gaan word.

"Posbank is nie voorbereid nie. Posbank het nie alternatiewe nie. Baie van die poskantore in Suid-Afrika het toegemaak,




wat beteken daar is nie maklik en nabygeleë plekke waar Sassa-begunstigdes hul goue kaarte kan omruil of hulle dienste van Posbank kan kry nie."

Die oorskakelingsproses is slegs van toepassing op huidige die Sassa-begunstigdes wat nog maandeliks hulle toelaes deur Posbank ontvang. Begunstigdes kan wel 'n gewone rekening by enige ander bank in die land open om hul toelaes te ontvang.

"Geweldige bedrog was by die goue kaarte betrokke. Tussen 2012 en 2022 het meer as R500 miljoen by Sassa verlore gegaan weens verkeerde begunstigdes."

Breedt sê dis nou al die hoeveelste keer in die afgelope vyf jaar wat Sassa-begunstigdes in kennis gestel is dat hulle hul toelaagkaarte moet vervang en die oorskakelingsperdatum is ook al herhaaldelik aangeskuif.

"Mense raak mismoedig as hulle vir 'n tweede, derde of vierde keer moet teruggaan om 'n swart kaart te kry of 'n vervanging vir 'n swart kaart te kry omdat joune nie werk nie."

Volgens Breedt is daar tans sowat 28 miljoen Sassa-begunstigdes.

"Dit beteken 48% van Suid-Afrikaners leef van een of ander Sassa-toelaag." **N**






# Ek staan hier sonder hare of borste

***Redaksie***

"Dit is nie maklik om vir jou man te sê: "Vandag haal ons alles af" nie.

So vertel Marlene Pretorius van haar stryd teen borskanker en die dubbele mastektomie wat ná haar diagnose gevolg het. Pretorius se ma het ook 'n stryd teen borskanker gevoer, en sy het dus geweet wat op haar kan wag. Pretorius was die spreker by 'n geleentheid waar 'n bedrag van bykans R1,54 miljoen aan die Kankervereniging van Suid-Afrika oorhandig is. Die oorhandiging is deur Jurie Dreyer van Dinamika Finansiële Dienste waargeneem namens die boedel van Malie Rosenschoon.

"Ek het gesien hoe sy haarself stadig verloor. Ek het by haar gesit en gedink dat ek dalk in dieselfde bootjie kan wees."



Marlene Pretorius

Pretorius het egter besluit dat haar ma se reis nie hare sal wees nie.

Toe daar in 2018 borskanker by haar gediagnoseer is, was dit nadat 'n mammogram en 'n biopsie daarop gedui het dat daar niks fout is nie. Sy het egter met toetse volhard en uiteindelik is borskanker wel gediagnoseer.

Pretorius sê as iets nie reg voel in jou liggaam nie, moet jy daarop reageer

Sy vertel dat 'n mastektomie aanvanklik 'n invloed op haar vrouwees gehad het.

"Jy verloor hierdie stukkie van jouself. Jy moet elke dag jouself kies. Jy moet elke dag weer opstaan."

Sy glo dit is belangrik dat die publiek gereeld vir toetse gaan.

"Doen daai skandering. Gaan vir 'n mammogram. Doen daai ultraklank. Gaan vir 'n prostaatondersoek."

Die stryd het haar nog nie onder gekry nie.

"Ek staan vandag voor julle sonder hare, sonder borste. Die groei wat ek ervaar het hierdeur sal ek vir niks verruil nie." **N**



*Jurie Dreyer van Dinamika oorhandig die bewys van betaling van R1,54-miljoen aan die Elize Joubert, die hoof uitvoerende beampte van KANSA*






# Dolly maak haar laaste buiging

*Redaksie*

Die legendariese Amerikaanse countrysangeres en liedjieskrywer Dolly Parton is in die ouderdom van 80 in Nashville ná 'n stryd teen kanker oorlede.



Parton is in 1946 in Nashville gebore en het op ses reeds haar eerste liedjie geskryf.

Sy het meer as 3 000 immergroen liedjies, insluitend "Jolene", "Coat of Many Colors" en "I Will Always Love You" geskryf.

Meer as 25 van haar liedjies het goue, platinum- of multiplatinumstatus behaal.

Parton se huweliksmaat van bykans sestig jaar, Carl Dean, is in 2025 oorlede. **N**

# Tim Curry oorlede

*Redaksie*

Tim Curry, die Britse akteur wat bekendheid verwerf het vir sy eksentrieke rolspel in die Rocky Horror Picture Show asook in Clue en as Pennywise in die gruwel-TV-minireeks van Stephen King se IT, is in die ouderdom van 80 jaar oorlede.



Sy bestuurder en vriendin, Marcia Hurwitz, het bevestig dat hy vreedsaam by sy huis in Los Angeles oorlede is. Die oorsaak van sy dood is egter nog nie bekend gemaak nie.

Curry het in 2012 'n beroerte gehad, waarna hy in 'n rolstoel was. Ná sy beroerte het Curry steeds stem-werk gedoen. Dit sluit verskeie advertensies en die stem van Auntie Whispers in die minireeks Over the Garden Wall in. **N**



# DIE RUSSIESE "WAPEN" WAT STILLETJIES IN SUID-AFRIKA INGEGLIP HET

Vra 'n buitelander of hy "Russians" eet, en kyk hoe vinnig die gesprek skeefloop: eers die stilte, dan die frons, en uiteindelik die haastige verduideliking dat dit darem oor 'n worsie gaan. In Suid-Afrika is 'n "Russian" immers 'n geurige lekkerbekproduk met ikoniese status. Almal wat nog onthou hoe huishoudings se basiese noodsaaklikhede by buurtkafees gekoop is, sal weet watter bederf 'n Russian en slap tjips in die 1980's, 1990's en vroeë 2000's was. Sedert die 1960's het padkafees gedy, en 'n besoek daarheen was dikwels 'n gewilde sosiale uitstappie op 'n Vrydagaand of oor 'n naweek.

Wat min mense weet, is dat daar agter Suid-Afrika se geliefde "Russian" 'n verhaal skuil van immigrante, goudkoors, rookgeur en ondernemings soos Theron's Vleisprodukte wat dié erfenis lewendig hou. Die verhaal begin waarskynlik in die laat 1800's, toe Joods-Russiese en ander Oos-Europese immigrante ná vervolging en swaarkry hul pad na die Kaap gevind het. Saam met hulle het resepte, gewoontes en klein stukkies huis gereis. Ná die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het baie binneland toe beweeg na 'n jong Johannesburg, waar handel, kruideniersware en kosbedrywe vinnig gegroei het.
Kosnavorser Eben van Tonder het in 2020 opgemerk hoe moeilik dit was om die presiese oorsprong van die Suid-Afrikaanse "Russian" vas te pen. Dalk is dit juis die bekoring daarvan: die naam klink buitelands, maar die smaak het so volledig hier wortel geskiet dat dit vandag vanselfsprekend Suid-Afrikaans voel.

Die oorspronklike Poolse kielbasa vorm waarskynlik deel van die basis waaruit die Suid-Afrikaanse "Russian" ontwikkel het. Hierdie Oos-Europese tradisie van houtgerookte, gekruide en verwerkte worsies het nie as 'n klaargemaakte invoerresep hier posgevat nie, maar as 'n Suid-Afrikaanse verwerking van 'n ou erfenis — aangepas vir nuwe markte, nuwe mense en nuwe smake.
Op die goudvelde moes kos hard werk: dit moes bekostigbaar wees, lank hou, maklik verkoop en vinnig versadig. 'n Gerookte wors van fyngemaalde vleis, vet, speserye en bindmiddels het presies in dié wêreld gepas; prakties genoeg vir die mynwerker, smaaklik genoeg om te bly. So het iets wat elders bloot as kolbasa, kielbasa of gerookte wors bekend sou staan, hier 'n nuwe naam, kleur en karakter gekry. Die "Russian" het sy paspoort verloor en 'n Suid-Afrikaanse identiteit aangeneem: padkos, fabriekspouses, Vrydagetes en lekkerbek-herinneringe in een.




## Theron's: waar erfenis in gehalte voortleef

Dié erfenis bly egter nie vanself lewendig nie. Dit word gedra deur mense en ondernemings wat die produk met sorg, deurlopende monitoring van gehalte en trots bly vervaardig. Dit is hier waar Theron's Vleisprodukte 'n besondere plek inneem. Sedert 1983 is Theron's se groei gebou op 'n smaak wat mense herken, onthou en vertrou. 'n Goeie Russiese worsie word nie net geëet nie; dit word onthou - die houtgerookte geur, die kraak van die eerste byt, die bekende smaak wat jou na nostalgiese tye terugneem. `n Vinnige familie-ete, middagete of 'n slaghuisrak waar jy presies geweet het waarna jy soek. Deur vakmanskap en deurlopende gehaltebeheer het Theron's gehelp om die nederige Russian van slaghuisgunsteling tot klein kultuurikoon te verhef. Elke Theron's Russian dra iets van die verlede saam - die reis van mens een die trots van plaaslik vervaardigde gehalte vleisprodukte. Hierdie resep bring ons telkens terug na die Suid-Afrikaanse tafel.

Theron's bied **GEHALTE VEISPRODUKTE**, teen **GROOTHANDELPRYSE**, direk aan Jan Publiek. Volg ons op Facebook onder die blad opsie: "Theron's Meat Products." Hier vind jy jou inligting en pryse, **GAWE RESEPTE** en kuier ons 'n hond uit n bos uit!
**Besoek ons by 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes 0183. WHATSAPP +27760770437**

# Kennisgewings

## Verkope- en eksekusieveilings

**REF: MS T BRITZ/jm/AUCTION**

**DUBE: BUSISIWE PRINCESS (Link No:5035305) Case No: 55798/2021 IN THEHIGH COURT OF SOUTH AFRICA,GAUTENG DIVISION, JOHANNESBURG**

**KUBAYI: TINTSWALO (Link No:5120186) Case No: 18231/2021 IN THEHIGH COURT OF SOUTH AFRICA,GAUTENG DIVISION, PRETORIA**

**MAHLANGA: THEMBI (Link No.:4723287) Case No.: 38798/2021 IN THEHIGH COURT OF SOUTHA AFRICA,GAUTENG DIVISION, JOHANNESBURG**

**MAISTRY: YOLENE TELISA (Link No.:5227869) Case No.: 44251/2023 IN THEHIGH COURT OF SOUTH AFRICA,GAUTENG DIVISON, JOHANNESBURG**

**RAMAKOABA: ROSINA MAITE (LinkNo.: 5099379) Case No.: 51681/2021 INTHE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA,GAUTENG DIVISION, JOHANNESBURG**

**WAIDELICH: STEVEN KARL (Link No.4367233) Case No.: 542/2020 IN THEHIGH COURT OF SOUTH AFRICA, FREESTATE DIVISION, BLOEMFONTEIN**

**AND THE ROAD ACCIDENT FUND NOTICE OF SALE: MOVABLE ASSETS IN PURSUANCE OF JUDGMENTS**

of theabovementioned Court and Writ ofExecution attached hereto, the followingproperty will be sold in execution on 18SEPTEMBER 2026 at 10:00 at 2 EcoGlades Office Park, 420 Witchhazel Ave,Centurion, by the Sheriff of the High CourtCenturion East, 33 Kersieboom CrescentZwartkop Centurion to the highest bidder:

Hydro Boil x5; Water Dispenser x9;Microwave x23; Dustbins x115; High BarTables x4; Office Tables x208; Whiteboardx38; HP Monitor x197; Acer Monitor x125;Dell Monitor x95; Phillips Monitor x2;Samsung Monitor x1; Mac Monitor x1;Mecer Monitor x1; HP Laptop x142; DellLaptop x92; Acer Laptop x79; LenovoLaptop x5; HP All-in-One Desktop x11; HPThin-Client Desktop x31; LP ComputerBox1; HP Computer Box x18; DellComputer Box x1; Antec Computer Box x1;System Computer Box x2; Acer FullComputer x1; Full Computer Set x1; HikVision Computer x1; Entrust Card Printerx1; HP DesignJet T110 x1; Steel Racksx32; White Folding Table x1; NetworkControl System x2; Network SystemControl x1; Bar Fridge x60; Office Deskx491; Boardroom Round Table x6; TableRound x8; Table Occasional Waiting Areax1; Table Steel Top Malibu Base x3; TableTraining Room x22; Plasma TV x56; SharpPrinter x18; Telephones x349; 2-DoorWhite Cabinets x46; 2-Door Filing Cabinetx60; Steel Shelves x19; Shredder x30;Safe x4; Trolley x5; Scanners x10;Bookshelves x25; Small Table & PlasticChair x1; Wooden Table x3; Firearm Boxx1; Ringbinder x6; Whirlpool Oven x1; LogiMouse Box x33; Kettle x4; Air Conditionerx1; Laminator x3; Large Punches x4; LargeStapler x2; Urn x6; Stepladder x3;Projector Screen x4; BenQ Screen x1; HPCompact Monitor x1; Whiteboard Markersx13; Projector x9; BenQ Monitor x1;Couches x39; Glass Table x8; DisplayCabinet x1; Designer Lamps x5; ReceptionCounter Table x1; 2-Drawer Cabinet x1;Coat Hanger x5; Large Map x1; LG Monitorx4; Radio x3; Coffee/Espresso Machine x3;Warmer x2; Plates/Cutlery etc.; DrawingHolder x1; Bluetooth Speaker x1;Kangaroo Puncher x1; Cutter x2; LoudHailers x2; Acer Screen x2; ReceptionDesk x1; Square Table x1; Bench x13;Single Table x1; Logicam System x3;Podium x3; Logi Conference System x5;File Cabinet x1; Complete Network Systemx2; Complete Server System x1; BatteryBackups x7; Blue Cash Boxes x9; GolfCart x1; White Hyundai H1 x1; White IsuzuSingle Cab Bakkie x2; Navy Blue BMW X5x1; Diesel 2000L Boser x1; Donatron SteelBox x1; Tender Boxes x4; Rapison Systemx2; Firesafes x2; Security Conveyor BeltScanner x2; Wyse Thin-Client Desktop x1;Small Blue Cones x40; Sick Bay Beds x2;Weight Scale x2; UPS Box x3; NewportFranking Machines x2; Sliding Doors FilingDrawer x6; Water Fountain x6; Screens –Fabric & Glass x7; Refrigerator x34;Cabinet Roller Door x8; WorkstationStandard x104; Pedestal x270; WorkstationManager & Senior Manager x38; Desk incl.Roller Door Credenza x19; Lounge SuiteTroy Upholstered in Black Leather x4;Cabinet Swing Door Cabinet x13; Lockerx21; Shelving Library Shelves x2;Managers Desks x3; Executive Cabinet x5;Cupboard Swing Door x32; Cabinet A4Hanging Files with Cradles x2; CredenzaSliding Door x9; Screen Freestanding x79;Screen Door Section x2; Chair TrainingRoom x64; Workstation Desk x10;Credenza Free-Standing Roller Door x11;Managerial Workstation x4; ManagerialDesk x13; Desk x278; Cabinet 5-DrawersWood x1; Bar Stool Waterfall Black GasHeight Adjustable x2; Executive L-ShapeOak Desk x1; Standard Working Stationx39; Table Chairs – Meeting x2; PigeonHole Shelving x2; Ergonomic Chairs x2;Desk Fitted Pedenza x19; Chairs x794.

MUNRO FLOWERS & VERMAAK
PLAINTIFF'S ATTORNEYS

3rd Floor, The Mall Offices


11 Cradock Avenue, Rosebank

Tel: (011) 327 5418

Email: talisha@mfv.co.za

REF: MS T BRITZ/jm/AUCTION

Publikasiedatum 14-August-2026
NRK8905110



# Wanneer hoop 'n berg versit

## Die reis van studente na 'n beter toekoms

*Tanja Kitching*

Elke dag loop daar duisende jongmense met groot drome rond. Hulle droom daarvan om onderwysers, verpleegkundiges, ingenieurs, entrepreneurs en leiers te word. Tog bly hierdie drome vir baie net dit: drome. Nie omdat hulle nie die vermoë het nie, maar omdat hulle nie die geleentheid het nie.

Vir talle studente is die reis na 'n kwalifikasie soos om hul eie Drakensberg oor te steek. Die pieke lyk hoog, die passe steil en die eindbestemming soms buite bereik. In ons moderne wêreld het ons almal 'n denkbeeldige Drakensberg wat ons moet oorsteek. Vir sommige is die berg verlies; vir ander teleurstelling of 'n gebrek aan geleenthede en finansiële middele. Vir baie jongmense is die klim na 'n beter toekoms besonder uitdagend, al beskik hulle oor die talent, deursettingsvermoë en potensiaal om sukses te behaal.



Die Susanna Smit Studiefonds bestaan juis om vir vrouestudente 'n pad oor hul persoonlike Drakensberg te help bou. Oor die afgelope ses jaar het die Studiefonds nie net gehelp om studiekoste te dra nie, maar ook hoop, begeleiding en geleenthede geskep vir jongmense wat andersins moontlik nooit die kruin van hul drome sou bereik nie.

Vandag nooi ons jou om saam met ons vir 'n vrouestudent 'n pad oor haar Drakensberg te bou. Jy hoef nie die hele berg te verskuif nie. Jy hoef net een tree moontlik te maak. Daardie tree kan die verskil wees tussen moed opgee en aanhou klim; tussen onsekerheid en geleentheid; tussen 'n onvervulde droom en 'n hoopvolle toekoms.

Want wanneer een student die kruin bereik, verander meer as net een lewe. 'n Gesin kry hoop. 'n Gemeenskap kry 'n rolmodel. Saam maak ons 'n verskil – 'n nalatenskap van barmhartigheid en diensbaarheid.

Besoek **www.susannasmitstudiefonds.co.za** of stuur 'n e-pos aan **studietrust@helpendehand.co.za** om uit te vind hoe jy kan bydra. **N**

*Kitching is 'n fondsbestuurder by Helpende Hand Studietrust*

Hoekom ons Home Lifts die **regte keuse is**

**Geen Skag Benodig**
Die Home Lift se unieke reling ondersteun die struktuur

**Kompakte Ontwerp**
Duo: 0.8 m² dra 170 kg
Trio: 1.3 m² dra 250 kg

**Geskik vir Bestaande Huise**
Ons Home Lifts kan geïnstalleer word in huise wat reeds gebou is

**Eenvoudige Kragvereistes**
Werk met 'n gewone 220V-prop
Geen driefasekrag nodig nie

**Vinnige Installasies**
Geïnstalleer binne 2 dae

**Stilte in Aksie**
Stil werking onder 48 desibels



Lifta HOME LIFTS
E: info@lifta.co.za
T: 080 73 73 73 7
www.lifta.co.za

Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou ’n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

# Nuusweek

**Regskennisgewings**

Bepalings en voorwaardes geld.

# Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.




Die voormalige VF Plus-koukusleier in die Tshwane-metro, Grandi Theunissen, het by die DA aangesluit. Theunissen het sy besluit pas by 'n mediakonferensie van die DA in Pretoria bekend gemaak. Hier is wat lesers daaroor te sê gehad het:

**Johan du Toit Boning**

Baie seën vorentoe, Grandi. Ek glo die DA en VF Plus gaan Tshwane saam regeer en waarskynlik elders ook, Wes-Kaap ingesluit, ons moet net PA weghou in Wes-Kaap.

**Michael O'Kelly**

Geldjie in die sak, is beter as 'n loopbaan op die rak, nè.

**Herman Kern**

Hy kan sy nessie beter veer by DA ...

**Phil C Pretorius**

Welkom, Grandi.

**Lizette De Beer**

Wel as jy jou job verloor, moet jy seker maar skik vir 'n ander pos.

**Elma Nel**

Wyse besluit van Grandi en vir inwoners van Pretoria kan daar net baat te vind wees om saam met hom oor te kom na DA om ons stad uit ANC-kloue te hou.

10 jaar van koalisieregerings het bewys dat 'n koalisieregering elke keer in ANC-hande beland.


**Theo Pienaar**

Hierdie skuif van GT gaan die VF Plus baie duur te staan kom; trouens, dit gaan die party baie stemme kos. Natuurlik gaan die DA dit gebruik om kiesers te beïnvloed, en ek glo Grandi gaan die VF Plus se binnekamer openbaar aan die kiesers. Dit sal die DA gebruik as skietgoed om van die VF Plus 'n VF Minus te maak. Ek begin ook al hoe meer twyfel oor die VF Plus.

**Eduard Mostert**

Hoe sluit jy by n party aan met omtrent zero waardes, wat aborsie en dergelike waardes ondersteun en wat liberale wêreldidees ondersteun

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# VSA kry oorhand oor Iran

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Dit is vandag presies ses maande sedert die Verenigde State van Amerika (VSA) ’n onverwagse militêre operasie teen Iran geloods het. Die Amerikaanse regering en president Donald Trump was oortuig daarvan dat militêre optrede nodig was om Iran se kernprogram finaal tot stilstand te ruk, die regime in Iran te straf vir die massale afmaai van duisende teenregeringsbetogers in Januarie, Iran se steun aan terreurproksies regoor die Midde-Ooste te beëindig en selfs die ongewilde teokratiese regime wat Iran sedert 1979 met ’n ystervuis regeer het, tot ’n val te bring.

Vandag, ses maande later, lyk dit uiteindelik of die VSA die oorhand teen Iran gekry het. Baie kan gesê word, en ís al gesê én geskryf, oor of die besluit om Iran op 28 Februarie aan te val die regte strategie was. Was die motiewe vir die aanval duidelik en konkreet? Was die oogmerke met die militêre operasie goed deurdink? Daaroor kan breedvoerig gedebatteer word.

Terwyl die VSA, en aanvanklik Israel, talle senior regeringsleiers, insluitend die opperleier Ali Chamenei, doodgemaak het, Iran se vloot en lugmag grootliks verwoes het, Iran se kernprogram reuseskade berokken het en die land se vermoë om wapens te vervaardig en aan proksies soos Hezbollah te smokkel tydelik tot stilstand geruk het, het ’n paar maande van chaos tot reuse-ontwrigting in die Midde-Ooste gelei. Regoor die wêreld het ekonomieë ’n duur prys betaal, met oliepryse wat hoog gebly het.

’n Belangrike keerpunt was die ondertekening van ’n Memorandum van Verstandhouding (MvV) tussen Iran en die VSA net meer as twee maande gelede. Kort ná die ondertekening het oliepryse vinnig begin daal, daar was ’n skerp toename in olietenkskepe wat deur die seestraat begin beweeg het en die VSA het talle sanksies teen Iran opgehef. En toe besluit radikale elemente in die regime in Teheran dat die verlies van die Hormoes-hefboom, wat maande lank soos ’n swaard oor die wêreldekonomie gehang het, oor die lang termyn katastrofies vir Iran sal wees, en begin die land met hernude aanvalle op kommersiële skepe wat deur die seestraat beweeg.

Uiteindelik moes die Amerikaners ’n nuwe strategie bedink. Die militêre strategie van Februarie en Maart, hoewel dit meesterlik uitgevoer is, het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Die diplomatieke proses wat daarop gevolg het, het ná Iran se verbreking van die MvV dus ook misluk. Al wat oor was, was ekonomiese druk.

Oor die afgelope twee maande is Iran se ekonomie tot op die rand van ’n monetêre en fiskale afgrond gedwing. Verlede week het die VSA besluit om die veldtog te verskerp en ook enige lande en maatskappye wat met Iran sake doen, te bestraf. Die Verenigde Arabiese Emirate (VAE) het onmiddellik aangekondig dat alle ekonomiese bande met Iran verbreek word. Sowat 40% van Iran se olietransaksies het die afgelope tyd deur frontmaatskappye in Dubai gevloei.

Maandag het die Amerikaanse minister van finansies, Scott Bessent, die “enkele grootste finansiële offensief ooit teen ’n teenstander” aangekondig. Amerikaanse bondgenote soos Turkye, Pakistan en Irak is voor die keuse gestel: Kies nóú tussen ekonomiese bande met die VSA en Iran. Die Chinese regering het woedend op Bessent se offensief gereageer – en met goeie rede, want China koop 90% van Iran se olie aan.

Intussen was Pakistan se weermaghoof, een van die twee magtigste persone in die regeringselite in Islamabad, Maandag in Teheran. Oman se minister van buitelandse sake was Dinsdag daar. Dinsdagaand het die emir van Katar aangekondig dat verskeie Arabiese lande in gesprekke met Iran gewikkel is om die land te oortuig om na die MvV terug te keer.

Reeds verlede week het Iran se gematigde president, Masoud Pezeshkian, gesê dat Iran se oorlog beëindig moet word omdat die ekonomiese skade vir Iran onhoudbaar raak. Teen Dinsdag het Iran se geldeenheid, die rial, ’n nuwe laagtepunt van twee miljoen rial vir een Amerikaanse dollar bereik. Inflasie staan op 90%, drie miljoen Irannese het hul werk verloor en daar is tekorte aan bykans elke ingevoerde produk en diens in Iran.

Wat die Amerikaners nie voor gehoop het nie, is dat die mees radikale elemente van die Islamitiese Revolusionêre Wagkorps, byna almal geharde veterane van die oorlog tussen Iran en Irak, beheer oor groot dele van die regering sou neem nie. Die Amerikaners se fout was om te glo dat hul militêre operasie, en die verwydering van Chamenei, tot ’n oorname deur ’n meer gematigde faksie in Teheran sou lei.

Waar laat dit ons vandag? Terwyl Pezeshkian en ’n klein groepie gematigde medestanders in Teheran toenemend deur radikale elemente soos Mohsen Rezaei, die nuwe sekretaris van Iran se Opperste Nasionale Veiligheidsraad, ondergrawe word, raak die ekonomiese krisis in die land onhoudbaar en skep dit ’n plofbare situasie wat weer tot grootskaalse opstande kan lei. Slegs vrees vir ’n herhaling van Januarie se massaslagting weerhou tans Irannese om die regime deur protes tot ’n val te probeer bring.

Terwyl die Amerikaanse vloot Iran se hawens met groot sukses blokkeer en meer en meer skepe veilig deur die seestraat vergesel, is Bessent se ultimatum aan Iran se laaste vriende, of minstens bure wat self voordeel getrek het uit handel met Iran, waarskynlik die laaste strooi wat die kameel se rug kan breek. Pakistan, die VAE, Katar, Iran, Turkye en China se optrede en uitsprake die afgelope paar dae bevestig dit. Iran gaan óf bykans heeltemal alleen en geïsoleerd die toekoms in (met ’n verarmde bestaansekonomie) óf die land keer terug na die MvV en ’n onderhandelde skikking met die VSA en word ekonomies bevry.

Die VSA het duidelik nou die oorhand oor Iran. Oliepryse kan nou, maande later as waarvoor almal gehoop het, daal tot ’n band van tussen 70 en 80 dollar per vat, terwyl Iran sal moet kies tussen die laaste opsie van isolasie en ekonomiese versmoring of vrede, vryheid en herintegrasie in die wêreldekonomie. Vir nou lyk dit of ’n sug van verligting dalk nie (weer) voortydig sal wees nie. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Erfenisbewaring: Ons moet en sal self

REPLIEK

Pieter Cloete

'n Kwaadwillige brand het onlangs derduisende rand se skade by die Bloedrivier-erfenisterrein aangerig. Binne enkele ure het 'n groot deel van die kampeerterrein afgebrand. Elektriese infrastruktuur is beskadig of vernietig, boorgatpompe het uitgebrand en die donkies se blyplek is beskadig. Hierdie brand is egter nie 'n geïsoleerde voorval waarin ons erfenis doelbewus geteiken is nie.

'n Maand gelede het Lambertus van Rensburg, voorsitter van die Ou Presidensie Historiese Vereniging, my gekontak ná die brons borsbeelde van die laaste twee presidente van die Oranje-Vrystaat, M.T. Steyn en F.W. Reitz, tydens 'n inbraak uit die Ou Presidensie-museum in Bloemfontein gesteel is. Voeg hierby die Krugerbeeldegroep op Kerkplein wat gereeld onder vandale deurloop, en nog tientalle ander voorbeelde reg oor Suid-Afrika.

Die verval, vandalisering en agteruitgang van onvervangbare erfenisbakens moet ons dwing om groter vrae oor ons erfenis te vra: Wat beteken hierdie plekke nog vir ons? Wie is daarvoor verantwoordelik? En, dalk die belangrikste vraag: Kan ons hande gevou staan en dink dat die staat erfenis as prioriteit ag?

**Is verskuiwing die antwoord?**

Die betekenis van 'n monument lê nie net in die struktuur self nie. Die plek waar dit staan, is onlosmaaklik deel van die verhaal. Monumente word dikwels spesifiek ontwerp vir die landskap waarin dit geplaas is. Die beeldhouer of argitek het die terrein, uitsig, rigting, lig, afstand en selfs die verhouding tussen die monument en 'n historiese gebeurtenis in ag geneem. Die omgewing is dus nie bloot die agtergrond nie; dit is deel van die kunswerk en die betekenis daarvan – ook vir die gemeenskap waar dit staan.

Daarom kan ons nie net sê: "Kom ons verskuif dit na 'n veiliger plek toe" nie. Die kunshistorikus prof. Alexander Duffey het dié stelling beaam tydens die Erfenisstigting se Moerdykgedenklesing vroeër vandeesmaand by die Voortrekkermonument. Ja, daar is gevalle waar verskuiwing noodsaaklik is om 'n monument van vernietiging te red en dit met 'n replika te vervang. Hiervan is talle voorbeelde wêreldwyd, waarvan Michelangelo se Dawid-standbeeld een van die bekendstes is.



*Bloukransmonument [foto Pieter Cloete]*

Wanneer 'n monument uit sy oorspronklike konteks verwyder word, kan iets belangrik verlore gaan. Die fisieke voorwerp kan dalk behoue bly, maar die verband tussen die monument, die landskap en die geskiedenis wat dit herdenk, word verbreek, meen Duffey.



*Bloukransmonument vries wat beskadig [foto Pieter Cloete]*

**By wie lê die verantwoordelikheid?**

Dit bring my by 'n veel groter vraag: Wie moet na ons monumente en erfenisskatte omsien? Is dit die staat se verantwoordelikheid, of is dit in my en jou hande? Die antwoord is nie óf die een óf die ander nie. Dit is albei.

Ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999 berus die verantwoordelikheid by die grondeienaar. As 'n monument op privaat grond geleë is, is dit die eienaar se verantwoordelikheid om, binne die bepalings van die wet, daarna om te sien. As dit op munisipale grond is, berus die verantwoordelikheid by die munisipaliteit.

Wanneer dit 'n verklaarde monument is, is die versorging die werk van provinsiale erfenisowerhede of – in die geval van nasionale erfenisterreine – lê dit by die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronneagentskap (SAHRA).

Die staat het dus 'n uitdruklike verantwoordelikheid om álmal se erfenis te beskerm, te bestuur en vir toekomstige geslagte te bewaar. Dit beteken my en jou swaarverdiende belastinggeld is veronderstel om ook hiérvoor aangewend te word. As ons egter na die regering se erfenisbewaringsrapport oor die afgelope 32 jaar kyk, druip hy oral waar gemeenskappe nie self hulle hande uit hulle moue steek en eienaarskap van hul erfenis neem nie.

'n Monument se waarde lê nie net in die aantal mense wat tydens spesifieke herdenkingsdae daaroor praat nie. Die toets lê tussen dié dae. Wanneer laas was ons daar? Het ons al ons kinders en kleinkinders soontoe geneem, daarvan vertel? Is ons bereid om te leer waarom 'n monument, gedenkteken of terrein opgerig is, selfs wanneer die geskiedenis daarvan genuanseerd is?

Monumente sal nie en hoef nie vir almal dieselfde betekenis te hê nie. Omdat ons verskillend oor die verlede dink, het ons juis tasbare plekke nodig waar gesonde gesprekvoering kan voortleef.

**Ons móét en sál self**

Die brand by Bloedrivier is 'n hernude waarskuwing dat ons erfenis nie net al meer bedreig word nie, maar die gemeenskap nodiger het as ooit. 'n Gemeenskap wat sê: Ons sal self. Ons sal self besoek. Ons sal self ondersteun. Ons sal self ons kinders leer. Ons sal self vrywilligers wees.

Nie omdat ons die plunderende staatsbestel met 'n skouerophaling oor die hoof sien nie, maar omdat ons ons onvervangbare erfenis met gewillige harte en oop hande in beskerming wíl neem.

Dit is óns erfenis en daarom óns verantwoordelikheid. Die geskiedenis gaan ons vir ewig onthou óf verkwalik oor ons monumente, bakens en terreine.

- Lê die bewaring van Bloedrivier-erfenisterrein jou na aan die hart? Steun ons deur op die skakel te klik: **bloedrivier.org.za/word-n-vriend/** Steun die Erfenisstigting se bewaringswerk: **es.org.za/maak-n-donasie/**. **N**

**Cloete is die hoof van inhoud en ledebehoud by die Kultuurtuiste.*

# Wees Lig!

Padlangs
Alta Strauss

Het jy al ooit stilgestaan en gedink aan hoe die Here jou gevorm en aanmekaar geweef het in die skoot van jou moeder? Voor die wêreld jou naam geken het, voor seerkry sy merke op jou hart gelaat het, is jy deur God gevorm om lig te wees. Jy was nie 'n toevallige gedagte nie. Jy was lig, geskape in sy beeld. Lig, onaangeraak deur die donker van hierdie wêreld. Lig, deur sy asem tot lewe geroep.

Wanneer ek Psalm 139 lees, raak ek weer bewus van dié wonder: God het jou en my met fyn, liefdevolle hande aanmekaar geweef. Volmaak, sonder merk, sonder skadu, sonder vlek. Lig. Net lig. Maar vanaf die oomblik van geboorte, het daardie perfekte lig in aanraking met die donker, seer en gebrokenheid van die wêreld gekom. Dawid se beeldspraak verwoord dit so mooi: Ons lig is deur die donker en obskuurheid van die wêreld gekneus. Nie vernietig nie, maar gekneus. Dit beteken dat die lig nog daar is, maar dat die glans daarvan verwond is deur verliese, teleurstellings, verwerping, pynlike herinneringe, en die stilte van gebede wat vir lank onbeantwoord bly. Onbeantwoord omdat selfs ons gebede gekneusde gebede geraak het, wat kom uit 'n plek van verwonding. En uit daardie plek van verwonding het ons begin om aan die Here te probeer voorskryf wat ons dink ons nodig het om weer heel te raak. Ons het begin om na onsself te kyk en te voel asof ons slegs 'n skadu van onsself is, en dit is presies wat gebeur het. Ons het 'n skadu geword waar lig eens was.

Tog nooi God ons nie om by die kneusings te gaan woon nie. Hy nooi ons om terug te keer na die lig wat Hy ons geskep het om te wees. Hy sê: "Jy is 'n stad op 'n berg, en 'n stad op 'n berg kan nie weggesteek word nie. Skyn helder!"

Keer terug na die Lig in wie se beeld jy aanmekaar geweef is. In Job 28 sien ons iets van hierdie heilige inkeer. Soos om jou gesig na God te draai, soos na 'n spieël. Jouself weer te sien in Hom en Hom in jou. Die beeld waarna jy geskep is. Wanneer jy na die Lig draai, begin jou binneste weer belyn. Jou denke word weer lig. Jou woorde begin anders klink. Jou gebede dra weer verwagting. Dra weer krag. Jy begin nie meer net vanuit seer reageer nie, maar vanuit waarheid leef.

Wanneer jy Lig bid oor jou lewe en jou omstandighede, nooi jy God se teenwoordigheid in waar donkerte probeer vestig het. Oor jouself. Oor jou gedagtes. Oor jou emosies. Oor die besluite wat jy neem. Oor jou huis, jou verhoudings, jou werk, jou toekoms. En waar sy Lig inkom, begin duisternis wyk. Want geen duisternis kan in die teenwoordigheid van Lig staan nie.

Die hartseer is egter dat ons dikwels probeer om gekneusdheid met aardse dinge te bedek. Ons vul dit met besigheid, met geraas, met prestasie, met afleiding. Ons probeer dit stilmaak met drank, met dwelms, met verhoudings wat nie deur God gebou is nie, met enigiets wat ons vir 'n oomblik die leegheid laat vergeet. Ons bid ook nie meer in geloof nie, maar uit moegheid en oorlewing. En tog neem niks van daardie dinge die gekneusdheid weg nie. Dit vul dit dalk vir die oomblik, maar dit genees nie die kern nie. Inteendeel, al hierdie dinge kneus ons lig net meer.

Dalk het dit tyd geraak om eerlik te word oor wat in jou binnekant aangaan. Dalk het dit tyd geraak om op te hou voorgee dat die kneusings nie saak maak nie. Tyd geraak om die stem van God bo die stem van seer te kies. Sy Lig oor jou gedagtes die wag te laat hou. Jou die pad uit jou verwonding tot in jou roeping te wys. Om te erken dat jy nie geskep is om uit duisternis te lewe nie, maar in God se teenwoordigheid. Jy is nie gemaak om in die skadu te bly nie. Jy is gemaak om te skyn.

Die besluit wat jy vandag neem, dra meer gewig as wat jy dalk besef. Dit kan jou oor 'n jaar, of oor vyf jaar, radikaal en eksponensieel verander – ten goede of ten kwade. Besluite bou paaie. Paaie vorm gewoontes. Gewoontes vorm identiteit. En identiteit bepaal die rigting van jou lewe. 'n Kneuskol kan, as dit ongemerk bly, 'n vrot kol word. Wat begin as iets klein en ongesiens, kan groei totdat dit die hele plek begin beïnvloed. Maar dieselfde geld vir Lig: Wanneer jy dit toelaat om in te dring, om te herstel, om te belyn, bring dit lewe, bring dit iets nuut!

Belyn daarom wie jy is in hierdie oomblik met wie jy geskep is om te wees. Moenie jou lewe bou rondom die kneusings nie. Bou dit rondom die Lig. Keer terug na die Lig. Keer terug na die Een wat jou gevorm het. Keer terug na die Een wat jou naam ken, jou hart ken, jou wonde ken, en steeds sê: Kom nader. Kom terug.

Jy is nie net bedoel om te oorleef, verwond en gekneus nie. Jy is bedoel om heel te wees, vry te wees, gevul met vrede te wees, te skyn. Jy is gemaak om God se Lig te dra in 'n wêreld wat dit desperaat nodig het. Daarom: Kies die Lig. Spreek Lig. Bid Lig. Leef Lig. Wees Lig! **N**

**Alta Strauss is 'n breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer.*



# ’n Veilige plek vir diere

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

*Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder*

Dis jammer dat so min van ons nog Pretoria se Nasionale Dieretuin besoek: Dit is gereken as een van die grootstes en bestes in die wêreld. Dit bestaan ook reeds sedert 1899, en daar is natuurlik menige stories oor die ontstaan van die plek.

Die geskiedenis van die Dieretuin is nou verweef met dié van die eerste Museum, wat destyds (in die laat 1890’s) in ’n gebou op die Markplein begin is. Die museum het gedurig skenkings van wilde diere ontvang, wat bedoel was om na hulle heengaan opgestop te word vir uitstalling in die museum.

Die destydse direkteur, dr. Jan Willem Boudewyn Gunning, het egter ander planne gehad: Al het hy bitter min geld gehad, wou hy graag ’n dieretuin in die stad vestig.

Stephanus Schoeman se plaas Klein Schoemansdal het in die 1880’s die eiendom van Jan F. Celliers (die pa van die bekende skrywer) geword, wat dit Rust in Urbe gedoop het en in ’n lushof omskep het. Teen 1895 het die regering dit uit sy boedel gekoop, en Gunning het hom begin beywer om die plaas, waardeur die Apiesrivier geloop het, vir sy dieretuin te verkry.

Hy het ook nie gehuiwer om ’n bietjie vuil te speel nie: Hy het eenvoudig die Museum se naaste bure aangespoor om te kla oor die geraas en stank van die diere in hulle midde, en teen 1899, met die aanvang van die Oorlog, het hy sy dieretuin gehad!

Dr Gunning was die direkteur van die Dieretuin vanaf 1899 tot 1914.

Net langs die Dieretuin het ’n mnr. De Waal en sy gesin gewoon, en oorkant die pad die Morgans. Cornelis Morgan vertel in ’n ou *Pretoriana* dat hy en Eddie de Waal groot vriende was en gereeld saamgespeel het. Eendag het ’n kangaroe uit die Dieretuin ontsnap, en die twee knape het hom aan sy stert gegryp, en elke keer as die dier spring die stert opgelig omdat hulle bang was dat hy hulle sou byt! So spring-spring het hulle aangesukkel tot by dr. Gunning, wat hulle met ’n bedraggie beloon het vir hulle moeite.

Mnr. Roy Steyn het ook ’n paar jaar gelede sy (baie vermaaklike) herinneringe aan sy kleintyd aan die *Bronberger* vertel. Sy oupa Josef was een van die personeel van die Dieretuin en verantwoordelik vir die versorging van die hoefdiere.




Gids van Pretoria, uitgegee deur die stad se Publisiteitsvereniging in 1913.

Blykbaar was daar ’n mak sjimpansee wat ook Josef genoem is, wat gereeld saam met mens-Josef deur die dieretuin gestap het en hom ook gehelp het met van sy dagtake. Elke oggend met teetyd het die sjimpansee aangemeld met sy eie beker, wat hy op die tafel neergesit het. Een van die ander personeel, Jennings, sou dan van sy eie tee uit ’n fles vir hom inskink, waarna Josef ’n hele bohaai gemaak het, die vloer geslaan het en soos ’n kleuter geskree en te kere gegaan het. Mens-Josef sou dan kalm naderstaan en vir hom van sy soet tee inskink, waarna die sjimpansee ewe kalm met sy beker tee styf teen sy mens-vriend se blad gaan sit en teedrink het! Aan die einde van teetyd het hy darem hand-aan-hand met Jennings die teekamer uitgestap, net om te wys dat daar geen kwade gevoelens was nie...

Roy onthou ook hoe hulle kleintyd op die olifant gery het, en moes betaal al was hulle oupa een van die personeel. Sy oupa moes ook op ’n stadium iewers aan die grens ’n mak seekoei gaan haal, wat deur ’n plaaslike hoofman aan die dieretuin geskenk is.

Hy vertel die storie self die beste (uit *Die Bronberger* van 26 Sept. 2016):

*Ek moet darem nog een ding noem, al is dit net om te wys dat my oupa nie sommer ’n hierjy se outjie was nie. Hy is gekies om ’n jong seekoeitjie op die grens te gaan haal, iewers op die grens. Nee, ek weet nie watter grens nie, nooit vir oupa Josef gevra nie. Om die waarheid te sê, ek was seker maar onder die indruk dat daar net een grens was.*

*Nou mag ek verkeerd wees, maar as ek reg onthou dan was die seekoeitjie se naam Sekapu. Nee, moet my nie vra wat dit beteken nie. Sy was amper hondmak, maar ’n klein seekoeitjie kan ’n baie groot man doodmaak. Onthou dit.*

*Wat eintlik gebeur het, is dat Sekapu se ma deur die manne van die stat gedood is en toe hulle die klein seekoeitjie wou dood vir nagereg, het die kleingoed baklei. Die grootmense het hulle deel gehad, maar hierdie kleintjie was die kinders se eie. Soveel so dat hulle oplaas na die kaptein toe is en hy het gesê hulle mag maar die seekoeitjie vir hulle hou op voorwaarde dat daar elke dag twee van hulle sal wees wat vir Sekapu water toe sal neem en haar sal laat wei waar daar lekker gras is.*

*Die plan is aanvaar en aanvanklik was almal tevrede. Let asseblief dat ek sê ‘aanvanklik” want ’n klein seekoeitjie het mos die gewoonte om, sou sy kos en water kry, te groei tot ’n groot seekoei wat eintlik kan ontwikkel in ’n gevaarlike situasie.*

*Sy het dan ’n plan bedink wat gesorg het dat sy nooit honger sou word nie. Sekapu het gewag totdat sy met die kraal se jongelinge aansit by die pappot en dan het sy die klomp bestorm en met ’n gesnork, geblaas en met ’n gesperde bek het sy hulle uitmekaar gejaag.*

*Die gevolg was natuurlik dat Sekapu vinniger as ander seekoeie gegroei het en dat die jong klomp van die kraal al hoe meer ribbes begin wys het.*

*Die kaptein het besef dat dié probleem net groter en vetter gaan word en hy kontak toe vir dr. Gunning. Die doktor kon vir Sekapu kry, heeltemal gratis en verniet, op voorwaarde dat die Dieretuin haar moes gaan haal.*

*Omdat daar ’n berg van rooi lint tussen die grens en Pretoria gelê het, is daar op ’n kortpad besluit: Die kraal vat haar grens toe en dr Gunning vat haar dan tot by die Dieretuin.*

*So gesê, so gedaan. Twee piekaniens het vir Sekapu tot by die grens gevat en my oupa is afgevaardig om die seekoeitjie tot by die stasie te vat en hy het dan ook saam met Sekapu op ’n oop wa tot in Pretoria gery.*


*Sekapu het gou aangepas. Natuurlik kan ek nie vir die waarheid van die storie instaan nie, want oupa het altoos gesê jy moet nooit toelaat dat ’n mooi storie deur ’n klomp feite bebodder word nie.* **N**

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



# Die Boekeblad
met
Graffiti Boeke

# Nuut op die rak




## *Karoo Wildsvleis*
**– Annatjie Reynolds & Lynne Minnaar**

**Human & Rousseau, R390**

*Jou alles-in-een-wildsgids – van die veld tot op die tafel*

*Karoo Wildsvleis* bied 'n meesterklas in wildskookkuns – dit neem jou van die ongerepte jagveld na die slagkamer en wys jou hoe om 'n karkas in die onderskeie snitte op te sny, en dan na die kombuis vir die beste gaarmaakmetodes, marinades en smulsouse.

Voeg daarby wenke vir koue en warm beroking, nat- en droogpekel, verwerking in biltong, salami en wors, asook die gebruik van kruie en speserye.

Die boek is ingedeel volgens snitte en vir elke snit is daar 'n keur van aanloklike resepte, van klassiek tot kreatief.

Verwag treffers soos wildspastei, wildspotjie, rolrib, rookwors, springbokboud met lammersterte, kerriesult, bitterballen en nog vele meer.

Ontvang die Karoovlaktes se geskenk met oop hande en 'n oop hart, nooi die vrye natuur na binne, dek jou tafel met gulhartige oorvloed en bemeester die kuns om wildsgeregte te maak wat smelt in die mond.

Ook beskikbaar in Engels – *Karoo Venison*

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## *Silas en die Ysbeer op Tafelberg – 'n Selfleesavontuur*

**Lapa Uitgewers, R190**

## *Silas en die Ysbeer op Tafelberg – Prenteboek*

**Lapa Uitgewers, R210**

**– Annie Klopper & Zandré Coetzer; illustrasies deur Studio Muti.**




SILAS woon saam met sy ma en sy ouma aan die voet van Tafelberg. Saans stuur Ouma Silas Droomland toe met wonderlike stories ... oor dinge soos husse met lang ore, Klaas Vakie en Van Hunks. Sy vertel hom ook van die wensbokke van Tafelberg wat wense laat waar word.

Wanneer Ouma eendag wegraak, word Silas se wêreld geruk. Toemaar moes haar gevang en na Droomland gevat het. Silas besluit om haar te gaan soek. Willemien, die bure se dogter, kom saam. Maar Droomland lyk anders. Dit word ál kouer en iets loop en brul in die verte ...


Hulp kom op 'n onverwagse manier en dié avontuur neem allerlei nuwe afdraaie.

'n Roerende storie wat vir kinders 'n moeilike konsep soos die dood sal verduidelik. Die boeke is beskikbaar in twee formate: as prenteboek en 'n langer leesboek. Perfek vir kinders van 5 tot 11 jaar oud.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## *Op Lig*
**– Thilde Nel**

**Boekdiva Uitgewers, R350**




Wat doen jy wanneer jy 'n liefdesnota tussen jou man se wasgoed ontdek wat nie vir jou bedoel is nie?

Dis presies die keuse waarvoor Nina een Sondagoggend te staan kom. Moet sy dit ignoreer? Hom daarmee konfronteer en hulle oënskynlik perfekte lewe op sy kop keer?

Skielik voel haar veilige, voorspelbare lewe – haar suksesvolle restaurant, haar aantreklike man, haar hegte vriendekring – nie meer so onwrikbaar nie. Soos krake begin wys, word die mense naaste aan haar ook getoets: 'n verwoestende diagnose, 'n huwelik onder druk, en waarhede wat nie langer weggesteek kan word nie.

Net Bas, die lojale dokter en ewige oujongkêrel, bly 'n vaste anker. Op die Griekse eiland Milos hoop Nina en haar vriendin Emma om perspektief te vind. Maar tussen son, wyn en see word geheime ontbloot – en moet Nina besluit hoeveel van die waarheid sy werklik wil weet.

Want soms is dit eers wanneer alles begin verbrokkel, dat die lig deurbreek.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

| | |
|---|---|
| 10 | ***Saak van liefde of dood*** – Salmon Owen (vert Frederik de Jager) |
| 9 | ***Grensloos*** – Wilna Adriaanse |
| 8 | ***Wat die witbors wou sê*** – Elmarie Dercksen |
| 7 | ***Waar die teerpad ophou*** – Jean Cooper |
| 6 | ***Van man tot man*** – Olive Schreiner |
| 5 | ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert |
| 4 | ***Bethulie*** – Rensche van der Walt |
| 3 | ***Jagspinnekop*** – Erla Diedericks |
| 2 | ***Brandstapel*** – Marie Lotz |
| 1 | ***Op Lig*** – Thilde Nel |

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

### *Wie is die skrywer van Op Lig?*

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**.
**Inskrywings sluit Maandag 31 Augustus 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 21 Aug 2026 se boekekompetisie is:**
**Petra Taljaard van Pretoria**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**
**www.graffitiboeke.co.za**
**teen 10% afslag.**

# Waar is jy?

**7VOOR7**

Ds Schalk Strauss, *redakteur van Die Boodskapper*

Toe God ná die sondeval vir Adam in Genesis 3:9 vra: "Waar is jy?" was dit nie omdat God nie geweet het waar Adam wegkruip nie. Dit was 'n vraag van verantwoording. Adam is geskep as beelddraer van God. Hy moes die tuin bewerk en bewaak. Hy moes onder God se gesag sorg, beskerm, dien en gehoorsaam wees. Sy leierskap was nooit bloot praktiese bestuur nie. Hy moes God se wêreld volgens God se Woord bewaak.

Maar toe die slang God se Woord verdraai, swyg Adam. Toe sy vrou versoek word, tree hy nie op nie. Toe sonde die tuin binnedring, neem hy nie verantwoordelikheid nie. En toe God hom roep, probeer hy die skuld verplaas.

Daardie vraag klink vandag nog op: Waar is jy, Adam?

Waar is die manne en vroue wat bereid is om verantwoordelikheid te neem? Waar is die ouers wat nie net kla oor die wêreld waarin hulle kinders grootword nie, maar hulle kinders leer om die Here te vrees? Waar is die lidmate wat nie net van die kantlyn af sê: "Julle moet só maak" nie, maar bereid is om te vra: "Here, waartoe roep U my?" Waar is die burgers wat nie net kla oor korrupsie, verval en swak regering nie, maar biddend, ingelig en verantwoordelik optree?

Ons tyd ly aan dieselfde ou Adam-krisis. Party mense onttrek. Hulle wil nie verantwoordelikheid neem nie. Ander gryp na leierskap, maar gebruik dit vir mag, aansien en eie voordeel. Die een kruip weg; die ander verhef homself. Albei mis God se bedoeling met leierskap.

Met die komende munisipale verkiesing voor ons, vra die Here ook aan ons: Waar is jy? Nie net: Vir wie gaan jy stem nie, maar dieper: Neem jy jou roeping ernstig op? Bid jy? Onderskei jy? Soek jy leiers wat waarheid, geregtigheid, aanspreeklikheid en diensbaarheid nastreef? En is jy self bereid om ná die verkiesing verantwoordelik te bly leef? Neem jy leiding?

Die antwoord op Adam se mislukking is Christus. Adam kruip weg; Christus tree na vore. Adam verskuif die skuld; Christus dra ons skuld. Adam beskerm homself; Christus lê sy lewe af. Daarom mag ons nie wegkruip nie. In Christus kan ons opstaan – nederig, biddend, gehoorsaam en verantwoordelik.

Waar is jy, Adam?

Mag die Here gee dat ons kan antwoord: "Hier is ek, Here. Gebruik my." **N**



## #vrydagfeite

Die hart van die moderne Loftus Park-winkelsentrum in Arcadia, Pretoria, is die geskiedkundige Sinbin.

Dié gebou is in 1929 as klubhuis vir die plaaslike tennisklub opgerig.

Sy doel het jare later egter heelwat verander toe dit in 'n kroeg vir rugbygeesdriftiges omskep is.

Die gebou is vervalle gelaat, maar toe die grond oorgekoop is, het die nuwe eienaars hulle daartoe verbind om die gebou te restoureer vanweë sy kulturele betekenis.

Die klubhuis word ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne bewaar, wat bepaalde uitdagings vir ontwikkeling meegebring het.

Om twee vlakke se kelderparkering te ontwikkel, is daar tien meter se uitgrawings gedoen, en met die Sinbin reg in die middel, sou baie hoë voetstukke ingespan moes word, maar die risiko's dat hy sou inval was net te groot.

Die dekonstruksie- en rekonstruksie-metode is toe aangewend om die klubhuis behoue te laat bly. Dit beteken dat die gebou baksteen vir baksteen uitmekaargehaal is, terwyl dit in besonderhede gedokumenteer is.

Elke laaste stukkie van die boumateriaal is genommer, in bokse geplaas en veilig bewaar tót die herbou van die gebou 'n aanvang kon neem.

Dié landmerk – met sy interessante storie – huisves deesdae 'n restaurant.**N**



## VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Die Britse parlement het op 28 Augustus 1833 slawerny in die Britse Ryk verbied.

Die skip Waterloo het op 28 Augustus 1842 by die mond van die Soutrivier in Tafelbaai vergaan. Ten aanskoue van 'n groot aantal magtelose mense op die strand het daar binne twee uur 189 mense verdrink. Geen reddingsbote, boeie en toue was op die skip of op die strand beskikbaar nie.

Die geliefde skryfster en joernalis Maria Elizabeth Rothmann, wat orals as M.E.R. bekend was, is op 28 Augustus 1875 gebore. M.E.R. was een van die eerste vroue in die land wat 'n B.A.-graad behaal het. Sy is 'n week ná haar 100ste verjaardag in 1975 oorlede.

Op vandag se datum in 1963 het Martin Luther King Jr. sy "I have a dream"-toespraak in Washington gelewer. Hy het 'n oproep gedoen vir burgerregte vir swart mense en gevra het dat daar 'n einde gemaak moes word aan rassisme in Amerika.

Laastens: Die 15 jaar lange huwelik van Charles en Diana, Prins en Prinses van Wallis, het vandag 30 jaar gelede, op 28 Augustus 1996, amptelik geëindig nadat 'n finale egskeidingsbevel uitgevaardig is. Diana het 'n jaar later in daardie tragiese motorongeluk in Parys, Frankryk gesterf. Sy was net 36 jaar oud. **N**



*Waterloo [Foto: Wikipedia]*




*Martin Luther King Jr.*



*Maria Elizabeth Rothmann*

# NEWUSD (JSE - NEWUSD)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**

**NEWUSD** is n beursverhandelde nota wat die rand/USD navolg, uitgedruk in rand. Hou in gedagte – beleggings in beursverhandelde fondse/notas is hoofsaaklik instrumente wat oor tyd versamel word.

**Kernbevinding**

Die watervalformasie (moontlik positief) maak beleggers meer as sku vir die aandeel. Wat is 'n watervalformasie? Dit vorm wanneer die prys so vinnig en skerp begin daal dat dit lyk soos water wat van 'n krans af stort. In tegniese terme verwys dit na 'n situasie waar kopers heeltemal verdwyn, verkopers beheer oorneem, en elke nuwe laer vlak nog meer paniekverkoping veroorsaak. Die prys beweeg dan amper sonder enige terugbons of sonder konsolidasie afwaarts, wat wys dat daar baie min vraag is en dat die markmomentum sterk negatief bly. Op 'n tyd droog die verkopers uiteindelik op, en dan begin die aandeel of konsolideer om weer verder te daal, of dit draai om en beweeg na bo, soos kopers terugkeer.

Die rand toets 'n baie sterk steun by R15,89. Onder R15,89 kan die rand maklik verder versterk teenoor die Amerikaanse dollar.

Die stogastiese indikator is baie gestrek na onder – dit kan dalk die voorloper wees van 'n moontlike herstellopie (verswakking in die rand) van die Amerikaanse dollar.

Bo lyn A (R16,25) kan ons 'n herstellopie ervaar (swakker rand en sterker Amerikaanse dollar), en dalk mettertyd die teiken jaag van R16,57.

Onder R15,89 kan die instrument steeds verder versterk en teikens jaag van: R15,86; R15,82; R15,80; R15,87 en R15,80 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer die aandeel onder R16,57.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (R16,25), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R16,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is R16,28; R16,34; R16,39; R16,42; R16,47; R16,50; R16,54; R16,57; R16,60; R16,68; R16,76; R16,83; R16,90; R16,96; R16,98; R17,00; R17,12; R17,29 en R17,37.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulante, maar gebruik dieselfde keerverlies as deurgegee aan spekulante. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R16,57) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku om Amerikaanse dollars te koop.

**Belangrike vlakke om dop te hou**

Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk styg na: R16,28; R16,34; R16,39; R16,42; R16,47; R16,50; R16,54; R16,57; R16,60; R16,68; R16,76; R16,83; R16,90; R16,96; R16,98; R17,00; R17,12; R17,29 en R17,37.

**Opsomming**

Koop of gaan lank bo R16,25, maar gebruik R16,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan*
*fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*



SOLIDARITEIT

# WERKSGIDS

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

## Administrasie

**Algemene Administrasie Klerk** - Quality Bedding (Pty) Ltd | Boltonia, Krugersdorp | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**UITVOERENDE PERSOONLIKE ASSISTENT** - Green Marble Recruitment Consultants | Hazelwood, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Algemene Administrasie Dame** - JLC AUDITORS INC. | Pretoria North, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Argitektuur

**Argitek** - Green Marble Recruitment Consultants | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Ambag

**Mechanical Fitter poste in Nederland** - Emporium. Human Capital | Durbanville | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Fitter / Turner Poste beskikbaar in Nederland** - Emporium. Human Capital | Bellville | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Millwright Poste in Nederland** - Emporium. Human Capital | Cape Town | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Diesel Mechanic** - Cadcon (Pty) Ltd | Centurion | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**QUALITY CONTROLLER** - Interdaf Int (Pty) Ltd | Welkom | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Au Pair

**Au Pair Gesoek** - Die Naude's | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Bestuursposte

**Site Manager / Forman / Boilermaker** - JBC Steel Structures | Louis Trichardt | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Superintendent van Werke** - Miles Away Trading | Potchefstroom | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Technical Service Manager** - Radio Data Communications (PTY) Ltd | Edenvale | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Restaurantbestuurder** - Werfnet (Edms.) Bpk. | Clubview, Centurion | Sluitingsdatum: 04/09/2026

## Finansies

**Junior Audit Clerk** - Sonnet consulting | Johannesburg | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Boekhoudkundige Administrateur** - JM VENTER PROPERTY SERVICES CC | Die Hoewes, Centurion | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Debt collection** - JM VENTER PROPERTY SERVICES CC | Die Hoewes, Centurion | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Junior Accountant** - QED- recruiter | Johannesburg | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## IT

**IT Network Technician** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pullens Hope| Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Kelner

**Barman/ Waiter** - Perfect Placement Recruitment | Limpopo | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Menslike Hulpbronne Bestuur

**Training Officer** (FMCG Supply Chain)- TRG 2389 (Ladysmith)- The Recruitment Guy | uMnambithi (Ladysmith) | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**HR & PAYROLL ADMINISTRATOR** - KARIN MARX t/a KM CONSULTING | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Sekretarieel

**Conveyancing Secretary** - Perfect Placement Recruitment | Bedfordview, Germiston | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Skoonheid

Velsorgterapeut/ Somatoloog met ervaring met Wimpers- SkinPhD | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Versekering

**Versekerings Administrateur** - Elna Rudman Makelaars | Wingate Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/08/2026

## Beveiliging & Sekuriteit

**Sekuriteit - B-House Mega Mica** | Mooikloof, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Alarm & CCTV Tegnikus** - Alpha Alert | Empangeni | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Armed Response Officer** - Perfect Placement Recruitment | Brooklyn| Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Elektriese

**Elektriese Tegnikus** - Dezan Projects(Pty) Ltd | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Electrician Poste in Nederland** - Emporium. Human Capital | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Elektriese- en Instrumentasietegnici (E&I)** - RecruitPro Solutions | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Electrician Poste in Nederland** - Emporium. Human Capital | Cape Town | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**E&I Onderhoudstegnikus** - RecruitPro Solutions | Cape Town | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Kliëntediens

**Customer Support & Relations** - Temple Foods | Garsfontein, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Ontwerp

**Draughtsman** - Green Marble Recruitment Consultants | Rosslyn, Akasia | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Meganiese Tekenaar** (Draughtsman)- Bubesi Solutions (Pty) Ltd | Boksburg | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Verpleeg

**Registered Nurse and Clinic Manager** - VAN HEERDEN PHARMACY | Thabazimbi | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Ingenieurs

**Ingenieurs** (Meganies/Strukturele/Siviele/Elektries) - Route Management (SA TRUCK BODIES) | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Toetsingenieur** - RecruitPro Solutions | eMalahleni | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Toerisme

**Toergids** - EcoLife Expeditions | Pretoria East, Faerie Glen | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Chemies

**Chemiese Prosesoperateur** - RecruitPro Solutions | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Operateurs en Logistiek

**CNC Operator** - RecruitPro Solutions | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Tegnikus

**Instandhoudingstegnikus** - RecruitPro Solutions | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Monteringstegnikus** (Assembly technician)- RecruitPro Solutions | eMalahleni | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Konstruksie

**Kosteberamer** – Plattekloof, Kaapstad (Quantity Surveyor)- RecruitPro Solutions | Plattekloof, Kaapstad | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Verkope

**Verkoopspersoon** - B-House Mega Mica | Mooikloof, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Business Development Sales Representative** - BD-Nav | Sunninghill, Sandton | Sluitingsdatum: 31/08/2026

**Area Sales Manager** - Green Marble Recruitment Consultants | Kempton Park | Sluitingsdatum: 31/08/2026

## Veligheid en Sekuriteit

**Health & Safety Officer** (Gesondheid- en Veiligheidsbeampte)- Green Marble Recruitment Consultants | Waltloo, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/08/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Springbokke wil nederlaag wreek



Die Springbokke het vandeesweek 'n sterk, ervare span gekies vir môre se tweede toets teen die All Blacks in die Rugby's Greatest Rivalry-reeks by die DHL-stadion in Kaapstad.

Pieter-Steph du Toit sal in sy 100ste toets speel en die 11de Springbok word om dié mylpaal te bereik. Ox Nché sal op sy beurt in sy 50ste toets speel.

Die groot nuus is dat Siya Kolisi fiks verklaar is en as kaptein na die beginspan terugkeer nadat hy van 'n dyspierbesering herstel het. Hy sal saam met Du Toit en Jasper Wiese die losvoorspelerkombinasie vorm.

Du Toit, wat aanvanklik as kaptein aangewys is, sal dus sy 100ste toets sonder die ekstra verantwoordelikheid van die kapteinskap speel.

Ander veranderinge in die beginspan sluit in Handré Pollard en Cobus Reinach as die skakelpaar, terwyl Ethan Hooker in die plek van die beseerde Cheslin Kolbe op vleuel uitdraf. Kurt-Lee Arendse skuif na die regtervleuel, met Damian Willemse wat die agterlyn voltooi.

Op die plaasvervangerbank is die 39-jarige Deon Fourie ingesluit, en indien hy speel, sal hy die oudste Springbok ooit wees om in 'n toets te speel. Dit sal ook sy eerste wedstryd vir die Bokke wees sedert die 2023 Wêreldbeker-eindstryd, wat Suid-Afrika teen die einste Nieu-Seeland gewen het.

Die Springbokke se afrigter, dr. Rassie Erasmus, sê die Bokke het ná die nederlaag verlede week in Johannesburg die geleenthede wat hulle verpas het, deeglik ontleed. Volgens hom het die span talle kanse geskep, maar foute wat hulle op kritieke oomblikke begaan het, het hulle duur te staan gekom.

Met die All Blacks wat die eerste toets gewen het, moet die Springbokke môre wen om die reeks nog te kan beklink. 'n Nederlaag sal beteken dat die Bokke hoogstens die reeks gelykop kan afsluit.

Môre se kragmeting begin om 17:10.

Intussen het die 10bet Lions Dinsdagaand in Johannesburg amper die ondenkbare reggekry toe hulle die All Blacks amper laat les opsê het, voordat die besoekers uiteindelik met 41-35 in die laaste wedstryd teen 'n provinsiale span in die RGR-reeks geseëvier het. Die tuisspan het uitstekend begin en rustyd met 21-17 voorgeloop. Hoewel die All Blacks die plaaslike reeks onoorwonne afgesluit het, het die Lions gewys dat 'n franchise-span met selfvertroue, intensiteit en durf die All Blacks ernstig kan bedreig. **S**

**Springbokspan teen die All Blacks:**
1 Ox Nché,
2 Malcolm Marx,
3 Wilco Louw,
4 Eben Etzebeth,
5 Ruan Nortjé,
6 Siya Kolisi (K),
7 Pieter-Steph du Toit,
8 Jasper Wiese,
9 Cobus Reinach,
10 Handré Pollard,
11 Ethan Hooker,
12 Damian de Allende,
13 Jesse Kriel,
14 Kurt-Lee Arendse,
15 Damian Willemse

**Plaasvervangers:**
16 Deon Fourie,
17 Gerhard Steenekamp,
18 Thomas du Toit,
19 Lood de Jager,
20 André Esterhuizen,
21 Cameron Hanekom,
22 Morné van den Berg en
23 Sacha Feinberg-Mngomezulu

# NWU Arende sweef deur eerste twee rondtes

Die verdedigende kampioene, die NWU Arende, moes Maandagmiddag diep delf om vir UP-Tuks met net een doel op die tweede dag van die eerste groot Varsity Netbal-naweek by die Coetzenburg-binnenshuise sentrum in Stellenbosch te klop. Met hierdie oorwinning sit die Potchefstromers gemaklik in die eerste plek op die punteleer.

Verder het UJ, Wits, en Kovsies elk ook twee oorwinnings op hul kerfstok ná die eerste naweek se aksie en beklee hulle onderskeidelik die toptwee- tot -vierposisies op die punteleer, elk met 8 punte. Tuks en Maties is in die vyfde en sesde plek met twee punte elk. Die nuwelinge, SUT, beklee die sewende plek met een punt en die Madibaz is heel laaste met geen punte nie.

Die volgende twee rondtes word komende Sondag en Maandag by die Callie Human-sentrum in Bloemfontein beslis. **S**



**Bepalings vir rondte 3 en 4:**

**Sondag 30 Augustus:**
13:00 Wits teen UV Kovsies
15:00 NWU Arende teen UJ
17:00 UP-Tuks teen SUT
19:00 Madibaz teen Maties

**Maandag 31 Augustus:**
13:00 UJ teen Wits
15:00 Maties teen UP-Tuks
17:00 SUT teen Madibaz
19:00 UV Kovsies teen NWU Arende











# ROLBALDAG

## TEN BATE VAN WOLLIES EN WETNOSE

**Datum: 7 Oktober 2026**

**Plek: Wingate Park Country Club**

*Skryf jou span vandag in!*

## Span van 4 spelers
## R4 000 per span
## Kos vir die dag ingesluit

Verwag hope vermaak, groot pret, lekker pryse en 'n onvergeetlike dag saam met vriende, kollegas en Pretoria FM-luisteraars.

Elke inskrywing help om die belangrike werk van Wollies en Wetnose te ondersteun en 'n verskil te maak.

Luisteraars word uitgenooi om hul spanne nou in te skryf!

WETNOSE Animal Rescue Centre

Wollies Animal Shelter NPC

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Pretoria FM – hoop, glo, lééf in Afrikaans




## DRIEHOEKIGE T-20I-REEKS

**Vrydag, 28 Augustus**
14:00
Suid-Afrika vs Namibië

**Saterdag, 29 Augustus**
14:00
Suid-Afrika vs Zimbabwe

**Maandag, 31 Augustus**
14:00
Zimbabwe vs Namibië

**Dinsdag, 1 September**
14:00
Zimbabwe vs Suid-Afrika

**Donderdag, 3 September**
14:00
Namibië vs Zimbabwe

**Vrydag, 4 September**
14:00
Namibië vs Suid-Afrika

**Sondag, 6 September**
14:00
Eindstryd (top twee spanne)

# Karla Pretorius hang haar tekkies op

Die veteraan Protea-netbalspeler en staatmaker Karla Pretorius het Donderdagoggend op sosiale media aangekondig dat sy ná 'n indrukwekkende nasionale en internasionale netballoopbaan uit alle vorme van die spel gaan tree.

Pretorius het haar debuut in 2011 vir die SPAR Proteas gemaak en meer as 100 toetswedstryde vir Suid-Afrika gespeel. Toeskouers het haar spelpeil geloof en sê sy is een van die beste netbalspelers wat die land nog opgelewer het.



Die 36-jarige wat as hulpverdediger en verdedigende vleuel uitgedraf het, het haar land met trots by drie Statebondspeles verteenwoordig asook in drie Wêreldbekers, waarvan sy in die 2019-toernooi as die Speler van die Toernooi aangewys is.

"Ek hoop om nie net onthou te word vir wat ek in my loopbaan bereik het nie, maar ook vir wie ek deurgaans was, iemand wat lojaal was, wat daartoe bygedra het om die mense rondom my beter te maak en wat deur uitnemendheid gedryf is. Dit is waardes wat ek deur my hele loopbaan gekoester het, en waardes waarvolgens ek hoop om nog lank ná my loopbaan te bly leef," het Pretorius gesê.

Pretorius het op klubvlak onder andere die UV Kovsies, Vrystaat Crinums, Team Bath en Sunshine Coast Lightning verteenwoordig. **S**



# Griekwas en Cheetahs verseker tuisvoordeel in halfeindrondte



Met net een rondte oor voordat die 2026 Carling Curriebeker se uitspeelwedstryde begin, het die jongste rondte groot veranderinge op die punteleer meegebring. Die Suzuki Griekwas en die Toyota Cheetahs het albei hul plek in die toptwee verseker en sal dus hul halfeindstryde tuis speel. Die ander twee halfeindplekke is egter steeds op die spel.

Die verdedigende kampioene het Vrydagmiddag een van hul beste vertonings van die seisoen gelewer deur die Pumas in Mbombela te klop. Zane Bester het twee drieë gedruk, terwyl Tiaan Lange, Lourens Oosthuizen en Gurshwin Wehr ook agter die doellyn gaan kuier het. Griekwas het teen rustyd met 24-7 voorgeloop en uiteindelik met 38-14 gewen.

Later die middag het die Sharks XV en die Lions die punte in Pietermaritzburg gedeel ná 'n dramatiese 22-22-gelykopuitslag. Nadat die Lions teen rustyd met 10-5 voorgeloop het, was die Sharks se terugvegpoging tevergeefs en kon die Lions in die doodsnikke van die wedstryd sake gelykop maak.

Die Stormers het Vrydagaand op Loftus Versfeld hul kans op 'n uitspeelwedstryd aan die lewe gehou met 'n indrukwekkende 50-26 oorwinning oor die Vodacom Bulls. Die besoekers het teen rustyd reeds met 33-7 voorgeloop. Die Bulls het wel in die tweede helfte teruggeveg met drieë deur Demitre Erasmus, Jon Hobson en Kebotile Maake, maar dit was nie genoeg nie en hulle moes tevrede wees met hul sesde agtereenvolgende nederlaag van die seisoen.

Sondagmiddag het die Cheetahs 'n tuishalfeindstryd bespreek met 'n moeilike oorwinning oor die Kavaliers in Bloemfontein. Boland het teen rustyd met 10-7 voorgeloop, maar die tuisspan het in die tweede helfte teruggeveg en vyf drieë teenoor die Kavaliers se drie gedruk. Die Kavaliers se dissipline het hulle duur te staan gekom nadat verskeie spelers met geelkaarte gestraf is.

Die Griekwas en Cheetahs is tans albei bo aan die punteleer met 26 punte ná ses wedstryde. Die Airlink Pumas beklee die derde plek met 17 punte, terwyl die Sanlam Boland Kavaliers en DHL Stormers elk 16 punte het. Die Fidelity ADT Lions het 15 punte en die Hollywoodbets Sharks XV 13. Die Vodacom Bulls is in die laaste plek met vyf punte.

Tydens die laaste rondte wat komende naweek plaasvind, is die fokus op die vyf spanne wat steeds om die derde en vierde halfeindplek meeding. **S**

**Curriebeker-bepalings:**

**Vrydag 28 Augustus**

17:05
Fidelity ADT Lions teen DHL Stormers

19:15
Hollywoodbets Sharks XV teen Vodacom Bulls

**Saterdag 29 Augustus**

14:00
Airlink Pumas teen Toyota Cheetahs XV

**Sondag 30 Augustus**

15:00
Sanlam Boland Kavaliers teen Suzuki Griekwas




# Top SA-sportlui beloon

Die 19de Suid-Afrikaanse Sporttoekenningsgeleentheid is Sondagaand by die Sun City Superbowl in Noordwes aangebied, met die tema “Crowned in Greatness”. Tydens hierdie geleentheid is Suid-Afrika se beste atlete, spanne, afrigters, administrateurs en vrywilligers vir hul bydraes in 2025 vereer.

Die naelloper Akani Simbine is as die Sportster van die Jaar aangewys as beloning vir sy konsekwente vertoning, vasberadenheid en jarelange uitnemendheid op die atletiekbaan.

Die Steve Tshwete-toekenning vir lewenslange bydrae is aan Siya Vabaza-Booi (boks), Selwyn Nathan (gholf) en Veli Nhlapo (sportfotograaf) toegeken terwyl die gesogte Andrew Mlangeni-Groenbaadjietoekenning aan die afgetrede langafstandatleet Willie Mtolo, en die voormalige sokkerspelers Nelson “Teenage” Dladla, Mlungisi Ngubane en Patson Banda toegeken is.

Temba Bavuma (toetskrieketkaptein) was onder die ontvangers van die toekenning vir uitmuntendheid, saam met die Wêreld se Sterkste Man in 2025, Rayno Nel, die hokkiespeler Mustapha Cassiem, die Springbokke se agterlynafrigter, Mzwandile Stick, die langafstandatleet Adriaan Wildschutt en SA se eerste Wêreldmeester-potspel (pool)-kampioen, Tasneem Solomons. **S**



Rayno Nel

## SUID-AFRIKAANSE SPORTTOEKENNINGWENNERS

**Sportadministrateur van die Jaar**
Anthony Moruthane (tennis)

**Rekreasieliggaam van die Jaar**
Khokho Association South Africa

**Sportvrywilliger van die Jaar**
Nqobile Kunene (landelike perdewedrenne)

**Jeug/Junior Sportster van die Jaar**
Bayanda Walaza (atletiek)

**Jeug/Junior Sportspan van die Jaar**
Springbokke Mans o. 20 (rugby)

**Visuele Sportjoernalis van die Jaar**
Skhu Nkomphela

**Sportjoernalis van die Jaar**
Rachel Makhura

**Tegniese Beampte van die Jaar**
Aimee Barrett-Theron (rugby)

**Nasionale Federasie van die Jaar**
Krieket Suid-Afrika

**Sportspan van die jaar**
Proteas-manstoetsspan (Krieket)

**Afrigter van die Jaar**
Thabo Matebedi (atletiek)

**Sportvrou met ’n gestremdheid van die Jaar:**
Simoné Kruger (atletiek)

**Sportman met ’n gestremdheid van die Jaar:**
Puseletso Mabote (parasport)

**Sportvrou van die Jaar**
Prudence Sekgodiso (atletiek)

**Sportman van die Jaar**
Pieter Coetzee (swem)

**Sportster van die Jaar**
Akani Simbine (atletiek)


Aimee Barrett-Theron



Akani Simbine